



TOERISME

GRAAD 12

HERSIENINGSVRAE ANTWOORDE

KWARTAAL 3

ONDERWERP: VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

Al die antwoorde in hierdie dokument is uit vorige DBE NSS en ECDoE provinsiale eksamen- nasienriglyne verkry.

Hierdie dokument bestaan uit 24 bladsye.

ONDERWERP: VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

NOV 2014 NSS VRAAG 8

- 8.1 'n Konsep waar maatskappye vrywilliglik besluit om 'n bydrae te maak tot 'n beter samelewing. ✓✓ (Moenie korporatiewe maatskaplike belegging aanvaar nie)
- 'n Konsep waar maatskappye maatskaplike en omgewingsvraagstukke deel maak van hul besigheidsbedrywighede en in hul interaksie met hul belanghebbendes op 'n vrywillige grondslag. (2)
- 8.2 8.2.1 CTI - Dink Groen ✓✓ (2)
- Om die planeet 'n beter plek te maak vir die nageslag
 - Omgewingsaksie
- 8.2.2 Hulle wys dat hulle toegewyd is aan omgewingsbewustheid en kry sodoende die ondersteuning van besighede met dieselfde denkwyses. ✓✓ (2)
- 8.3 Vind verantwoordelike maniere vir die hergebruik en herwinning van ou buitebande. ✓✓
- Gebruik brandstofbesparende voertuie. ✓✓
- Gebruik motorfietse/fietse om kortafstandaflewering te doen. ✓✓
- Verseker dat voertuie in 'n goeie meganiese toestand is; geen olielekke ens. nie.
 - Was voertuie op 'n verantwoordelike manier deur water te bespaar.
 - Verseker ekonomiese roetebeplanning.
 - Naspoor en monitering dat voertuie korrek gebruik word.
 - Gebruik groter voertuie/massa vervoer om ritte te verminder. (6)
- 8.4 Maatskaplik ✓✓
- Mense
 - Gemeenskapsbetrokkenheid (2)

NOV 2015 NSS
VRAAG 8

- 8.1 'Verminder hulle koolstofvoetspoor' beteken die maatskappy verminder die negatiewe invloed wat hulle op die natuurlike omgewing het waarin hulle besigheid doen.✓✓

Nota: Aanvaar enige voorbeeld wat op omgewingsvriendelike optrede dui. (2)

- 8.2 8.2.1 Hulle voertuie gebruik alternatiewe brandstof ✓✓
• Die maatskappy gebruik energiebesparende voertuie
OR
• Korporatiewe Maatskaplike Belegging (2)

- 8.2.2 Hulle het 500 Nissan LEAF-voertuie by hulle vloot gevoeg ✓✓
• Hulle lughawependelbusse sal almal biodiesel gebruik.
OR
• 4% van KMB donasies word aan omgewingskwessies toegeken.

Nota: Voorbeeld moet aan 8.2.1 gekoppel word. (2)

- 8.3 8.3.1 88% van alle donasies gaan aan liefdadigheidsorganisasies wat deur die werknemers geïdentifiseer word.✓✓
• Die werknemers is betrokke by die besluitnemingsproses.
• Hulle laat hulle werknemers besluit aan wie Enterprise Holdings donasies moet gee.

Nota: Antwoorde moet op die betrokkenheid van werknemers gefokus wees. (2)

- 8.3.2 'n Persentasie van die toegekende fondse vir KMB word verdeel tussen die verskeie maatskaplike opheffingsprogramme wat die werknemers geïdentifiseer het.✓✓
• 'n Groot persentasie van Enterprise Holdings se donasies dra by tot maatskaplike opheffing, byvoorbeeld onderwys, openbare/ maatskaplike voordele/gesondheids- en menslikheidsdienste.
• Donasies aan die kunste as 'n belegging in plaaslike kultuur. (2)

- 8.4 91% ✓✓
• Kunste 6% + openbare / maatskaplike 14% + onderwys 14% + gesondheid en menslikheidsdienste 57% = 91% (2)

**NOV 2016 NSS
VRAAG 8**

- 8.1 8.1.1 (a) Om meer energie effektief te wees ✓✓
- Minder te vermors / Hulle bied 'geen skoonmaak opsie'
 - Bewus te wees van bewaring wetgewing
 - Pas volhoubare praktyke toe

LET WEL: Aanvaar voorbeelde van praktyke wat aan die omgewingspilaar gekoppel kan word. (2)

- (b) Om lopende kostes te verminder ✓✓
- Om uitgawes te verlaag
 - Om geld te bespaar

LET WEL: Aanvaar voorbeelde van praktyke wat aan die ekonomiese pilaar gekoppel kan word. (2)

8.1.2 **Verminder sy koolstof voetspoor:**

- Verminder die gebruik van skoonmaakmiddels ✓✓
Verminder waterverbruik ✓✓
Verminder energieverbruik ✓✓ / wees meer energiebesparend
Effektiewe gebruik van menslike hulpbronne (kan met minimum personeel klaarkom) ✓✓
- Bevorder herwinning
- Verminder ...
- afval
 - slytasie
 - die uitreik van gebruiksartikels aan gaste (sjampoe, seep, lyfroom, toiletpapier ens.)

LET WEL: Aanvaar spesifieke voorbeelde van praktyke wat die hotel se koolstofvoetspoor verklein. Voorbeelde moet verband hou met die 'geen skoonmaak opsie'. (8)

8.1.3 **JA**

Ek stem saam met die inisiatief. Ek is 'n verantwoordelike toeris en ondersteun hulle groen inisiatiewe en wil deel vorm van die beskerming van die planeet ✓✓

*LET WEL: Geen punte word toegeken vir Ja/Nee
Aanvaar enige rede wat 'n positiewe ingesteldheid teenoor omgewingsbewuste inisiatiewe ondersteun.*

OF

NEE

Ek stem nie saam met hulle inisiatief nie. Dit is slegs 'n manier waarop die hotel geld bespaar en is ongerieflik vir die gas.

- Toeriste wil in 'n netjiese en skoon omgewing tuisgaan.

*LET WEL: Geen punte word toegeken vir Ja / Nee
Aanvaar enige rede wat op die hotel se 'groen-was' ('green washing') –praktyke / ongerief vir gaste dui.* (2)

8.2 8.2.1 **JA**

Omgewingsbewustheid word deel van die leefwyse van omgewingsvriendelike toeriste. ✓✓

- Omgewingsvriendelike optrede sal oral geld, nie slegs in hulle huise nie.

OF

NEE

Sommige individue sal onverantwoordelik optree as hulle met vakansie is.

- Sommige toeriste gee nie om vir die omgewing nie.

***LET WEL:** Geen punte word toegeken vir Ja / Nee nie
Die korrekte rede moet met die Ja / Nee verbind word.*

(2)

8.2.2 Moenie rommelstrooi nie ✓✓

Moenie enige plante of diere uit hulle natuurlike habitat verwyder nie. ✓✓

- Moenie diere voer nie.
- Moenie vuurmaak op plekke waar dit nie aangedui is nie.
- Rapporteer persone, wat nie aan die reëls gehoor gee nie, aan die parkowerhede.
- Volg die gedragskode vir besoekers wat by die besienswaardigheid vertoon word.

(4)

NOV 2017 NSS
VRAAG 8

- 8.1 8.1.1 Erge droogtes✓
Verlies aan vars water✓
- stygende seevlakke wat kusoorde bedreig
 - minder sneeu in die Alpe se ski-areas
 - storms
 - hitte golwe
 - uitsterste weerstoestande (2)
- 8.1.2 Minder sneeu in die Alpe sal die aantal toeriste wat die area vir ski-aktiwiteite besoek, laat afneem.✓✓
- Smeltende sneeu kan onstabiele skihellings tot gevolg hê en die risiko van sneeustortings verhoog.
 - 'n Verhoogde risiko vir ski-ongelukke. (2)
- 8.1.3 **Voordele vir die omgewing**
Die toerismebedryf bied belangrike inkomstegeleenthede, verminder armoede en moedig ontwikkeling aan.✓✓
- Die toerismebedryf is voordelig omdat dit werk skep en mense wêreldwyd aan die lewe hou.
 - Toerisme besighede herevalueer hul praktyke en vind maniere om hul koolstofspoor te verklein. (2)
- Skade aan die omgewing**
Daarenteen is dit een van die grootste bydraers tot CO2 vrystellings wat dieselfde besienswaardighede en bestemmings wat trekpleisters is, vernietig. ✓✓
- Akkommodasie en vervoer sektore is die hoofbydraers tot CO2 vrystellings. (2)
- 8.2 8.2.1 **VERVOER**
Omgewingspilaar:
Bestemmings kan alternatiewe vervoermetodes gebruik wat nie afhanklik is van brandstof nie, soos bv. fietse.✓✓
- Gebruik massavervoer soos treine en busse in plaas van motors.
 - Ondersteun maatskappye wat koolstofbesparende vliegtuie en motors gebruik.
- OF
Maatskaplike pilaar:
Vaardigheidsontwikkeling
- OF
Ekonomiese pilaar:
Ekonomiese en entrepreneurskap geleenthede (2)

OPVOEDING

Omgewingspilaar:

Skep bewustheid onder toeriste en toerisme besighede oor hoe hulle hulle koolstof voetspoor kan verklein. ✓✓

- Maak meer mense bewus van klimaatsverandering en die invloed daarvan.
- Die toerisme bedryf dra by tot opvoeding.

OF

Maatskaplike pilaar:

Maak toeriste meer omgewingsbewus en moedig goeie omgewingspraktyke aan.

OF

Ekonomiese pilaar:

Moedig toekomstige beroepe in omgewingsbestuur aan.

(2)

JOB CREATION

Omgewingspilaar:

Skep meer omgewingsverantwoordelike loopbane en werksgeleenthede in die toerismebedryf. ✓✓

OF

Maatskaplike pilaar:

Werksgleenthede verbeter die lewenskwaliteit van die plaaslike gemeenskap.

OF

Ekonomiese pilaar:

Die toerisme bedryf moet aanhou om selfonderhoudend te wees en die ekonomie te ondersteun deur werks- en entrepreneurskap geleenthede te skep.

(2)

8.2.2 Spaar energie waar moontlik ✓✓

Beperk en verminder die gebruik van water ✓✓

- Maak gebruik van herwinninghouers
- Hergebruik
- Handdoek beleid
- Gaste moet hulself onderwerp aan die hotel se omgewingspraktyke

Let wel: Aanvaar voorbeelde van omgewingsvriendelike praktyke.

(4)

8.3 Bied leerderskappe aan hierdie leerders. ✓✓

Bied gratis toere na die B&B en nabygeleë besienswaardighede aan. ✓✓

- Bied werkplekervaring aan.
- Bied tydelike of deeltydse werksgeleenthede aan.
- Tree in 'n vennootskap met die skool vir maksimum voordele soos mentorskap, gassprekers, vaardigheidsontwikkeling en verskaffing van hulpbronne.
- Bied finansiële ondersteuning aan.

(4)

NOV 2018 NSS
VRAAG 8

- 8.1 8.1.1 Riglyne wat aandag skenk aan verantwoordelike en toepaslike optrede wanneer 'n bestemming besoek word. ✓✓
 • Dit sluit gepaste gedragryglyn sowel as die pilare van volhoubaarheid en verantwoordelike toerisme. (2)
- 8.1.2 Verseker dat die bronne in 'n omgewing gerespekteer en volhou word sodat die nageslag voordeel daaruit kan trek en dit kan geniet. ✓✓ (2)
- 8.1.3 Doen navraag by plaaslike leiers oor die gepaste optrede ten opsigte van plaaslike gewoontes en godsdienstige seremonies. ✓✓
 Respekteer die waardigheid/privaatheid van plaaslike mense. ✓✓
 Wees sensitief en vra toestemming voor foto's geneem word. ✓✓
 • Doen vooraf navorsing oor die kultuur by die besienswaardigheid om te verseker dat daar nie aan plaaslike inwoners aanstoot gegee word nie.
 • Trek gepas aan om nie aanstoot te gee nie.
 • Neem deel aan alledaagse aktiwiteite van die plaaslike mense.
 • Toeriste moet aangemoedig word om verantwoordelik teenoor die omgewing op te tree. (Aanvaar voorbeelde in die konteks van die kultuurdorpie) (6)
- 8.2 8.2.1 (a) Maatskaplike pilaar ✓
 • Mense pilaar
 Ekonomiese Pilaar ✓
 • Winstpilaar (2)
- (b) Maatskaplike pilaar (mense pilaar) - beradingsessies ✓ / ondersteun die gesondheid van MIV-positiewe vroue.
 Ekonomiese Pilaar (winstpilaar) - finansiële ondersteuning ✓ / maak en verkoop van seep.
Let Wel: As die pilaar nie in (a) gegee word nie, kan geen punte vir (b) toegeken word nie. (2)
- 8.2.2 Bied werk en bemagtiging aan die plaaslike vrouens wat HIV-positief is. ✓✓
 Die finansiële voordele wat deur indiensneming verkry word, word gebruik om aan die basiese behoeftes van hierdie vrouens en hulle kinders te voldoen. ✓✓
 • Die verdienste stel hierdie vrouens in staat om toegang te hê tot basiese gesondheidsbenodigdhede om 'n gesonde leefstyl te volg bv. toegang tot medikasie.
 • Die berading vergroot hulle kennis oor die HIV epidemie en help hulle om 'n gesonde lewensstyl te volg.
 • Vaardighede word ontwikkel. (4)

NOV 2019 NSS
VRAAG 8

- 8.1 Nul % afval word na die stortingsterrein gestuur, waar 40 ton afval voorheen na die stortingsterrein gestuur is.✓✓
- Afval word op die terrein gesorteer, waar dit voorheen weggeooi en na die stortingsterrein gestuur is.
 - Onderneming ontwikkelingsprojekte word nou uitgekonnekteur om afvalbestuursdienste te voorsien.
 - Herwinning en donasie om te her-gebruik vind plaas.
 - Kompos is voorheen aangekoop maar word nou op die terrein vervaardig.
 - Groen boupraktyke. (2)
- 8.2 8.2.1 Kostebesparing van R430 000 op kompos vir die golfbaan en tuine wat op die terrein deur Vuka Uzenzele geproduseer word.✓✓
- Kostebesparing van ongeveer R10000 per maand vir die hotel en restaurante op groente wat deur werkers van Vuka Uzenzele in die tuine gekweek word. (2)
- 8.2.2 Werkverskaffing aan vyf gemeenskapslede by Vuka Uzenzele.✓✓
- Die plaaslike inwoners verdien 'n inkomste uit die organiese tuine.
 - Die vermenigvuldigereffek word in werking gestel in die plaaslike ekonomie. (2)
- 8.3 Groente word aan voedingskemas by plaaslike skole geskenk.✓✓
- Skenkings van gebruikte materiale aan behoeftige plaaslike gemeenskapslede en gemeenskapsorganisasies.
 - Skenk herwinbare meubels, toebehore, linne en rekenaars aan gemeenskappe. (2)
- 8.4 **Volhoubaarheid**
Afvalkos word van ander afval geskei.✓✓
Die geskeide afvalkos word gebruik om kompos te vervaardig op die Wild Coast Sun terrain.✓✓
Die kompos word in die grond van die groentetuine ingewerk om organiese groente te kweek.✓✓
- Die hotel koop die organiese groente by Vuka Uzenzele.
 - Die restaurante by Wild Coast Sun gebruik die groente vir die voorbereiding van hulle kos. (6)

FEB-MAART 2015 NSS
VRAAG 8

8.1 Beeld:

Die plakkaat toon hoe vlambare natuurlike gas en stowwe wat water kan besmet in ons drinkwater kan beland as gevolg van hidrobreking.✓✓

- Die gas is ontvlambaar en kan ontploffings en brande in ons huise veroorsaak.
- Water kan besmet/ besoedel word en sal nie geskik wees om te drink nie.
- Dit kan brande veroorsaak.

(4)

Boodskap:

Die plakkaat dring aan dat die regering nie hidrobreking toelaat nie as gevolg van die risiko's vir ons huise en gesinne.✓✓

- Die plakkaat toon die kommer oor die onverantwoordelike optrede van die regering deur hidrobreking toe te laat.
- Die plakkaat waarsku besluitmakers om nie hidrobreking in Suid-Afrika toe te laat nie.

8.2 Drinkwater sal besoedel word✓✓

- Gas lekkasies/ brandgevaar
- Besmetting van water
- Minder besoekers

(2)

8.3 8.3.1 Maatskaplik:

Menses al verskuif moet word.✓✓

- Drinkwater sal in gedrang wees.
- Sal gesondheidskwessies tot gevolg hê.
- Verlies van werksgeleenthede in die toerismebedryf.

(2)

8.3.2 Omgewing:

Brande sal die ekosisteem vernietig.✓✓

- Natuurlike waterbronne sal besoedel word.
- Flora en fauna sal verwoes word.
- Kan lei tot natuurlike rampe soos modderstortings, sinkgate.
- Die bedryf van die hidrobrekingproses gaan groter vervoeraktiwiteit tot gevolg hê wat die omgewing nog verder gaan verwoes.

(2)

8.3.3 Ekonomies:

Vereis arbeid wat oor hoë vaardighede beskik.✓✓

- Beperkte geleenthede vir plaaslike indiensneming.
- Wins bly in die hande van 'n paar mense.
- Winste bly nie in die gemeenskappe nie, as gevolg van lekkasies.
- Dis 'n korttermynontwikkeling wat nie volhoubaar is nie.

(2)

- 8.4 Ons energiekrisis sal oorkom word as gevolg van die bykomende gasbronne wat broodnodige energie teen bekostigbare pryse verskaf kan word.✓✓
- Die gasbronne kan energie verskaf aan behoeftige huisgesinne en so help om armoede te verlig.
 - Hidrobreking sal broodnodige werkseleenthede skep in hierdie deel van die Karoo. (2)
- 8.5 Gemeenskappe kan openbare protesaksies organiseer.✓✓
Gemeenskappe kan ontwikkeling in die area boikot.✓✓
- Gemeenskappe kan bewustheid skep en inligting oor die gevare van hidrobreking versprei.
 - Toeriste kan aksies en inisiatiewe teen hidrobreking ondersteun. (4)

FEB-MAART 2016 NSS VRAAG 8

- 8.1 8.1.1 Om toeriste op te voed oor verantwoordelike gedrag wanneer hulle die park besoek.✓✓
- Om toeriste op te voed en pro-omgewingsgedrag te stimuleer. (2)
- 8.1.2 Rommelstrooi✓✓ (2)
- Die verwydering van plante en wildlewe uit hulle natuurlike habitat.
 - Rook in die park.
 - Bestuur en die gebruik van selfone.
 - Moenie die gorilla park besoek wanneer jy siek is nie.
 - Alleen afdwaal in die park.
- 8.1.3 Gorillas sal bang en bedreig voel en mag aanval. ✓✓ (2)
- Mag hulle gevoel van vrees verloor en menslike spasie betree.
- 8.1.4 Te veel mense om die gorillas kan hulle bangmaak.✓✓
- Verminder mens-dier Interaksie.
 - Verminder oorblootstelling aan/gemaklikheid met mense.
 - Laat gorillas toe om vry in die natuur te funksioneer. (2)
- 8.1.5 Hulle kan 'n waarskuwing van die bestuur van die park ontvang.✓✓
- Hulle kan 'n boete opgelê word.
 - Hulle kan uit die park verwyder word.
 - Hulle kan gevra word om as vrywilligers in die park te kom werk. (2)
- 8.2 Die park kan plaaslike mense in diens neem om in die park te werk.✓✓
Plaaslike mense kan 'n plek kry en die geleentheid gegee word waar hulle plaaslik-vervaardigde goedere aan toeriste kan verkoop en hulle kultuur ten toon stel.✓✓
- Die park kan plaaslik-vervaardigde goedere aankoop.
 - Om plaaslike inwoners op te lei om met gorillas te werk. (4)

FEB-MAART 2017 NSS
VRAAG 8

- 8.1 Lugdienste moet so bedryf word dat dit aan die behoeftes van die reisende publiek voldoen sonder om die omgewing te beskadig. ✓✓ (2)
- 8.2 Probeer om die aantal vlugte te verminder deur reise te kombineer. ✓✓
Kies die mees direkte roete moontlik, aangesien opstyg en land die meeste brandstof gebruik. ✓✓
- Oorweeg 'n vakansie nader aan jou huis.
 - Kies ekonomiese klas wanneer jy vlieg, aangesien meer passasiers per vliegtuig op 'n kleiner hoeveelheid koolstofvrystelling per persoon neerkom.
 - Pak lig. Ligter vliegtuie beteken minder brandstofverbruik.
 - Gebruik ander vervoermetodes waar moontlik. (4)
- 8.3 8.3.1 **Maatskaplik (Gemeenskap):**
ACSA kan plaaslike mense in diens neem. ✓✓
ACSA kan entrepreneurskapgeleenthede skep. ✓✓
- Plaaslike aankope
 - Vaardigheidsontwikkeling
 - Geleenthede vir beurse en leerderskappe.
 - Intervensieprogramme om die lewensstandaard te verbeter. (4)
- 8.3.2 **Omgewing:**
Volhoubare lughawegeboue (elektrisiteitsbesparing) ✓✓
Tegnologie om volhoubaarheid te verbeter (byvoorbeeld waterverbruik kan in badkamers beheer word) ✓✓
- Afvalbestuur & beheer (van vliegtuig)
 - Die bestuur van Vreemde Voorwerpe Wrakstukke (VFW)/ Foreign Object Debris (FOD) op aanloopbane
 - Die gebruik van energiebesparende voertuie in die geboue (byvoorbeeld elektries/battery-aangedrewe)
 - Klankbestuur (byvoorbeeld aankondigings/vliegtuiggeraas)
 - Planne om die omgewing te beskerm (byvoorbeeld voëls/ wilde diere op aanloopbane.) (4)

FEB-MAART 2018 NSS
VRAAG 8

- 8.1 Toevlugsoorde het goeie bedoelings om diere wat wees gelaat is te help, maar in baie gevalle word welpies doelbewus van hulle moeders geskei. ✓✓
- Toevlugsoorde vir diere moet aan bewaringspraktyke voldoen, maar buit dikwels diere uit.
 - Diere moet beskerm word en nie uitgebuit word vir mediese doeleindes nie.
 - Diere moet terug in die wildernis gerehabiliteer word en nie na plase gestuur word vir 'geblikte jag' nie. (2)
- 8.2 Etiese besigheidspraktyke ✓
Respek vir menseregte, kultuur en omgewing ✓
- Volhoubare praktyke (2)
- 8.3 **Etiese besigheidspraktyk:**
Dit is oneties om toeriste te mislei deur hulle aan te moedig om 'n besienswaardigheid te besoek wat voorgee om leeus te help, terwyl die leeus eintlik misbruik word. ✓✓
- Respek vir menseregte, kultuur en omgewing:**
Daar is geen respek vir die omgewing wanneer leeus uit hulle natuurlike habitat vir toerisme- en winsdoeleindes verwyder word nie. ✓✓
- Daar is geen respek vir die omgewing wanneer leeus misbruik en uitgebuit word soos die dokumentêre program uitgewys het nie.
- Volhoubare praktyke:**
- Inmenging met die natuurlike teelproses mag 'n afname in leeugetalle tot gevolg hê.
 - Nie in staat wees om te oorleef in die wildernis nie, verloor hulle natuurlike instinkte. (4)
- 8.4 Lok toeriste ten koste van diere wat hulleself nie kan beskerm nie. ✓✓
- Om wins te maak ten koste van diere wat hulleself nie kan beskerm nie. (2)
- 8.5 Volgens Billike Handel Toerisme, mag geen organisasie wat deur FTT gesertifiseer wil word, vanaf 1 Junie 2016 fisiese interaksie tussen toeriste en diere in aanhouding toelaat nie. ✓✓ (2)
- 8.6 Ekotoeriste sal nie deel wil wees van hierdie soort misbruik en uitbuiting nie en sal daarom nie die wildreservate in Suid-Afrika wil besoek nie. ✓✓
Hulle sal selfs die wildreservate wat verantwoordelike en volhoubare toerismepraktyke in plek het, bevraagteken – skep 'n negatiewe indruk. ✓✓
- Reservate wat waardevolle omgewingsbydraes lewer deur hulle navorsing, sal ook negatief geraak word deur hierdie praktyke.
 - Alle toerismebesighede kom onder verdenking as gevolg van hierdie onetiese besigheidspraktyke. (4)

MEI-JUNIE 2018 NSS
VRAAG 8

- 8.1 8.1.1 Ruil punte vir goedere✓✓
• handeldryf (2)
- 8.1.2 Leer hulle handelsvaardighede.✓✓
Leer hulle om te spaar sodat hulle basiese lewensuitgawes te kan bekostig.✓✓
Leer hulle om verantwoordelike keuses in die lewe te maak.✓✓
• Leer hulle om volhoubaar te leef deur 'n inkomste te verdien. (6)
- 8.2 8.2.1 Koop plaaslik-vervaardigde handwerk en produkte.✓✓
Respekteer die lewensvatbaarheid van plaaslike verkopers se besighede deur regverdige pryse vir hulle produkte te betaal.✓✓
• Moenie nagemaaakte ('fake') produkte/ items koop wat deur die bestemming se wette en regulasies verbied word nie.
• Ondersteun plaaslike besighede.
• Bemagtig die plaaslike gemeenskap om selfonderhoudend te wees.
- LET WEL: Aanvaar spesifieke voorbeelde van maniere hoe plaaslike gemeenskappe ondersteun kan word.* (4)
- 8.2.2 Verminder water- en energieverbruik waar moontlik.✓✓
Laat slegs 'n minimum voetspoor (moenie rommelstrooi nie).✓✓
• Respekteer die wildlewe in hulle natuurlike habitate.
• Koop produkte wat nie gemaak is van bedreigde plante of diere nie.
• Beweeg slegs in dele wat vir besoekers oopgestel is in bewaringsareas.
• Bly op aangewese voetslaanroetes.
• Skenk donasies om bewaringsprogramme te ondersteun.
• Word 'n vrywilliger in omgewingsprojekte.
• Herwin, Verminder en Hergebruik (4)

MEI-JUNIE 2019 NSS
VRAAG 8

- 8.1 8.1.1 Inligting oor algemene operasionele aangeleenthede by die lodge verskyn op inligtingsborde en nie in inligtingslêers nie sodat papiergebruik beperk word.✓✓ (2)
- 8.1.2 Gaste kry 'n in-huis koerant wat op herwinde papier gedruk is.✓✓ (2)
- 8.1.3 Ou kookolie word aan 'n plaaslike boer geskenk (wat hulle groenteverkaffer is) om biodiesel te maak wat die afleweringvragmotors aan die gang hou.✓✓ (2)
- 8.2 Ou kookolie word aan 'n plaaslike boer geskenk om sy afleweringvragmotors aan die gang hou.✓✓
- Insluiting van die plaaslike kunshandwerk mense by die binneversiering van die lodge.
 - Groente word by plaaslike boere aangekoop. (2)

SEPT 2014 EC
VRAAG 8

- 8.1 8.1.1 Ekonomie (Wins)✓ – Werkskepping vir die plaaslike gemeenskap✓
Sosiaal/Maatskaplik (Mense)✓ – Opheffing van gemeenskap✓
Omgewing (Planeet)✓ – Die hotel se krag sal deur vier windturbines
en sonpanele opgewek word en gebruikte water sal hergebruik word
en daar sal ook 'n eko-vriendelike rioolstelsel wees.✓ (6)
- 8.1.2 (a) Ellaine Gogo en lede van die plaaslike gemeenskap✓
OF
• Nasionale Bemagtigingsfonds (NEF) en die Industriële
Ontwikkelingskorporasie (IDC) (1)
- (b) Inisieer die projek✓
OF
• Befondsing van projek (1)
- 8.1.3 Gebruik water en energie spaarsamig. ✓
Herwin, verminder en hergebruik. ✓
• Laat net jou voetspore agter.
• Vermy enige vorm van besoedeling.
• Moenie vandalisties optree nie. (2)
- 8.1.4 Die hotel handhaaf 'n eko-vriendelike bestuurstyl in die
toerismebedryf. ✓✓
• Die pilare van volhoubare toerisme word ondersteun.
• Die toeriste en hotel tree verantwoordelik op. (2)
- 8.2 8.2.1 Die ondersteuning (skenkings) van plaaslike besighede aan die
gemeenskap gee. ✓✓ (2)
- 8.2.2 Ruimte sal beskikbaar wees vir administratiewe personeel van die
skool om hul take te verrig. ✓✓
• Dit sal die skool in die uitvoering van hul leerders se
administratiewe take help. (2)
- 8.2.3 Die gemeenskap openbaar 'n meer positiewe gesindheid teenoor
SANParke en daarom sal hul meer gewillig wees om projekte wat
deur SANParke geloods word te ondersteun. ✓
Sulke skenkings sal die professionele/openbare beeld van
SANParke versterk. ✓ (2)

- 8.3 8.3.1 (a) Deursigtigheid: Besighede moet verantwoording doen aan die gemeenskap en alle saketransaksies moet oop wees vir ondersoek deur alle belanghebbendes. ✓✓ (2)
- (b) Respek: Die besigheid en besoekers moet respek teenoor die omgewing en die plaaslike kultuur toon. ✓✓ (2)
- 8.3.2 Billike deel✓ (1)
- 8.3.3 Positiewe beeld as FTTSA-besigheid✓✓
- Die besigheid sal omgewingsbewuste toeriste lok.
 - Geleenthede vir interaksie met ander FTTSA-maatskappye en belanghebbendes
 - Blootstelling in die internasionale media
 - Insluiting tot die FTTSA-naamlys (2)

SEPT 2015 EC
VRAAG 8

- 8.1 8.1.1 Korporatiewe Maatskaplike Belegging (KMB):
 Die ondersteuning/bydra wat 'n besigheid aan die gemeenskap, waarin dit besigheid doen, lewer. ✓✓ (2)
- 8.1.2 **SUNcares Sport-Akademie:**✓ is aktief besig om te verseker dat skoolgaande kinders in landelike gebiede rondom *Tsogo Sun* se casino's die geleentheid om aan buitemuurse sport deel te neem, gebied word. Terselfdertyd in verskeie lewensvaardigheids-programme opgevoed te word. ✓
SUNcares Uitvoerende Kunste-Akademie:✓ is geskep om skoolgaande kinders in die landelike omgewingskole, met buitemuurse aktiwiteite wat die uitvoerende kunste bevorder, aan te moedig. ✓
SUNcares Omgewingsprogram: ✓verseker dat die welstand van ons planeet en gemeenskappe ondersteun word. ✓ (6)
- 8.1.3 Die gemeenskap sal positief voel teenoor *Tsogo Sun* ondernemings in hul gemeenskap✓ en sal meer geneig wees om die ondernemings te ondersteun. ✓
 • KMB-programme skep bewustheid en ondersteuning vir die onderneming. (2)
- 8.2 **Ekonomies (Wins):**✓ Deur die beleggings is dit moontlik gemaak om teaterproduksies na Suid-Afrika te bring en so het *Tsogo Sun* tot werkskepping in die Uitvoerende Kunstebedryf bygedra. ✓
Sosiaal (Mense):✓ Skoolgaande kinders in landelike gebiede rondom *Tsogo Sun* se casino's word die geleentheid gebied om aan buitemuurse sport deel te neem. Terselfdertyd in verskeie lewensvaardigheids-programme opgevoed te word. ✓
Omgewing (Planeet):✓ *Tsogo Sun* het meetbare resultate met betrekking tot watergebruik vermindering, vermindering in energieverbruik, verbeterde herwinning van afval en gemeenskap vergroening en volhoubaarheid bereik. ✓ (6)
- 8.3 *Tsogo Sun* kan hul KMB-Omgewingsprogram adverteer. Dit sal omgewingsbewuste gaste lok. ✓✓
Tsogo Sun kan spesiale aanbiedinge/pakkette vir omgewingsbewuste gaste aanbied. ✓✓
 • *Tsogo Sun* kan toeriste meer bewus maak van hul omgewingsvriendelike suksesverhale.
 • Deur aan die publiek bekend te maak dat hulle in die laaste 2 jaar hul energieverbruik met 11,3% verminder het. (4)

**SEPT 2016 EC
VRAAG 8**

- 8.1 8.1.1 **Maatskaplike pilaar**
Die maatskappye werk nou saam met *Dibanisa Football Foundation* wat 'n gereelde leerprogram vir die jeug in die Gansbaaigebied koördineer. ✓✓
• Die maatskappye ondersteun Eko-Skole. (2)
- 8.1.2 **Omgewingspilaar**
Die maatskappye bedryf 'n Afrika Pikkewyn en Seevoëlreservaat, hulle doen navorsing oor die Witdoodshaai en die bewaring daarvan en bedryf 'n projek waarvan die klem op verwydering van vislyn wat skade aan seediere kan rig fokus. ✓✓
• Hulle ondersteun ook Omgewingsopvoeding deur Eko-Skole te ondersteun. (2)
- 8.2 Die maatskappye lok toeriste wat geld in die plaaslike gemeenskap spandeer en daardeur 'n inkomste genereer vir die plaaslike bevolking. ✓✓
• Werkskepping vir die plaaslike gemeenskap. (2)
- 8.3 8.3.1 Regverdige Handel (*Fair Trade*) in Toerisme verseker dat die mense wie se grond, natuurlike hulpbronne, arbeid, kennis en kultuur gebruik word vir toerismedoeleindes werklik baat vind by toerisme. ✓✓
Regverdige Handel in Toerisme Organisasie verseker dat hulle lede volhoubare toerismebeginsels toepas en daardeur hou hulle by die drie pilare van volhoubare toerisme, ook bekend as die driedubbele slotreëlbenadering. ✓✓ (4)
- 8.3.2 'n Besigheid wat Regverdige Handel gesertifiseer is sal omgewingsbewuste toeriste lok aangesien sulke toeriste geneig sal wees om besighede te ondersteun wat die omgewing beskerm. ✓✓ (2)
- 8.4 8.4.1 KBM is die ondersteuning wat besighede bied aan gemeenskappe waarin hulle handel. Die ondersteuning kan finansiële van aard wees of nie-finansiële. ✓✓ (2)
- 8.4.2 Deur *Dyer Island Conservation Trust* te ondersteun kan VWSA bevoordeel word deur positiewe mondelinge advertering wat sodoende 'n positiewe beeld van die besigheid kan skep tussen omgewingsbewuste mense. ✓✓ (2)
- 8.5 Beoefen goeie hulpbronbestuur deur water en energiebesparing. ✓✓
• Beoefen goeie afvalbestuur deur hergebruik, vermindering en herwinning.
• Moedig rommelbeheer aan.
• Bevorder inheemse plantegroei. (4)

SEPT 2017 EC
VRAAG 8

8.1 8.1.1 **Omgewingspilaar:**

Lion Sands is tot die beskerming van Afrika se wildlewe en die omgewing verbind. ✓✓

- Hulle poog om 'n balans tussen die natuur en die gebruik daarvan vir kommersiële doeleindes te handhaaf.
- Hulle eko-sisteme word versigtig gemonitor en bestuur.

Sosialepilaar:

Lion Sands is verbind tot die ontwikkeling van plaaslike gemeenskappe. ✓✓

- Hulle neem aan maatskaplike ontwikkelingsprogramme deel om die gemeenskap by te staan. (4)

8.1.2 Lion Sands kan lede van die plaaslike gemeenskap help om aan eienaarskap van die wildreservaat te dee. ✓✓

- Hulle kan lede van die plaaslike bevolking in diens neem.
- Hulle kan verseker dat verkryging van plaaslike goedere en dienste plaasvind.
- Hulle kan verseker dat hulle regverdig lone betaal. (2)

8.2 'n Aantreklikheid wat verantwoordelike toerisme wil beoefen kan toeriste van inligting oor maniere om maatskaplik- en kultureel verantwoordelik te wees voorsien, hierdie kan die volgende insluit:

Inligting oor kulturele, etniese, godsdienstige en erfenispraktyke ✓✓
 'n Oorsig oor die geskiedenis van die gebied asook die besigheid ✓✓

- Riglyne oor toepaslike drag, gedrag, voedsel en drank
- Inligting oor gedrag tydens seremonies
- Inligting oor misdaad en hoe om veilig te wees asook misdaad noodnommers

Inligting oor maniere om die plaaslike ekonomie te bevoordeel kan die volgende insluit:

- Produkte wat plaaslik vervaardig word en waar dit gekoop kan word products
 - Gepaste praktyke met betrekking tot betaling van footjies
 - Pryse wat by markte betaal behoort te word en riglyne oor onderhandelinge oor pryse met plaaslike handelaars
 - Regverdig handel of ander etiese sertifiseringskemas in die gebied
 - Enige plaaslike ekonomiese inisiatief wat die besigheid ondersteun
- Toerisme besighede behoort aan besoekers inligting te gee rakende bewaring van die omgewing, soos:
- Die beperking van gebruik van water en energie op die perseel
 - Herwinning
 - Inheemse spesies wat in die gebied gevind word
 - Interessante eienskappe van die plaaslike ekosisteem
 - Riglyne oor bewaring van natuur, bv. bly op gemerkte paadjies
 - Enige inisiatiewe wat die besigheid in die gebied ondersteun (4)

- 8.3 Bemerk die bestemming volgens sy verantwoordelikheds-etos deur gebruik te maak van omgewingsbewuste bemarkingsplatvorms. ✓✓
Strategieë implementeer om te verseker dat omgewingsbewuste besighede volhoubaar is en dat hulle verantwoordelik optree teenoor mense, die planeet en die ekonomie. ✓✓
- Verseker dat natuurlike bates goed beskerm en bemerk word.
 - Aanvaar sosio-ekonomiese strategieë vir inwoners.
 - Sertifisering van volhoubare toerisme vir ondernemings by die bestemmings instel.
 - Seker maak dat die openbare terreine en geriewe 'n goeie voorbeeld ten opsigte van omgewings-, maatskaplike en ekonomiese praktyke, stel..
 - Aanmoediging van gesamentlike sosio-ekonomiese en omgewingsprogramme op bestemmingsvlak waartoe toeriste kan bydra.
 - Doen navorsing oor die teikenmark om die behoeftes, begeertes en verwagtinge te verstaan.
 - Verseker dat die produkte wat deur die plaaslike gemeenskap geproduseer word aan die toeriste blootgestel word.
 - Besighede moet verseker dat regeringsbeleide wat volhoubare en verantwoordelike toerisme ondersteun gevolg word. (4)
- 8.4 8.4.1 *Korporatiewe maatskaplike belegging* verwys na die steun wat sakeondernemings aan die gemeenskappe waar hulle sake doen gee. ✓✓
- Ondersteuning kan finansiële wees of kan die vorm van infrastruktuur aanneem of sosio-ekonomiese ondersteuningsprogramme. (2)
- 8.4.2 Henna kleuterskool:
Een van die inisiatiewe wat deur Lion Sands befonds word is die Henna voorskool wat in 1991 gestig is met 20 leerders en nou tot 250 leerders gegroei het. Hierdie het in die behoefte aan opvoeding en gesonde maaltye vir die kinders voorsien. ✓✓
- Van die hoofprojekte tot dusver was die bou van klaskamers, opknapping van die kombuis en die daarstelling van boorgatwater vir die skool.
 - Lion Sands is ook die gasheer van die jaarlikse gradeplegtigheidseremonie vir die kinders, wat hulle aanmoedig om die belangrikheid van kennis en opvoeding te verstaan. (2)
- MIV-inisiatiewe:
Die reservaat bied ondersteuning aan sy werknemers asook aan 'n plaaslike tuisversorgingsinisiatief vir mense wat MIV-positief is.. ✓✓
- Gaste by Lion Sands word die opsie gegee om die plaaslike gemeenskap te besoek en word aangemoedig om skenkings tot hierdie verdienstelike saak te maak.
 - Lion Sands is ook betrokke by die jaarlikse aktiwiteite wat op Wêreld Vigs-dag gehou word waarby MIV weeskinders en ander kwesbare kinders van die gemeenskap kospakkies en skool noodsaaklikhede ontvang. (2)

Nota: Kandidaat moet TWEE inisiatiewe noem, 2 punte word vir elkeen toegeken.

SEPT 2018 EC
VRAAG 8

- 8.1 Sosiale pilaar✓✓
 • Mense (2)
- 8.2 Die gebruik van hernubare energiebronne soos sonpanele of hitte panele. ✓✓
 Water moet spaarsamig gebruik word✓✓/ gryswater (greywater) kan hergebruik word.
 • Afval moet verminder word, hergebruik word en hersirkuleer word. (Reduce, reuse and recycle)
 • Rommelbestuur en besoedelingsbeheer moet toegepas word.
 • Inheemse plantegroei moet bevorder word.
 • Indringer plantegroei op terreine en in tuine moet beheer word.
 • Meet en bestuur van omgewingsimpakte is noodsaaklik. (4)
- 8.3 As plaaslik vervaardigde goedere en produkte gekoop word sal dit tot 'n positiewe vermenigvuldigereffek lei waar geld in die gebied spandeer en herspandeer word. ✓✓
 • Plaaslike verkryging verseker dat geld wat in die plaaslike gemeenskap spandeer word in daardie gemeenskap bly. (2)
- 8.4 **Verantwoordelike Toerisme bemarkingsplatforms:**
 Aanlyn reisinligting en besprekingswebtuistes wat etiese reis ondersteun, bv responsibletravel.com✓✓
 Sertifiseringswebtuistes bv www.fairtourismsa.org.za en green globe www.greenglobe.com✓✓
 • Natuur gebaseerde toerismewebtuistes soos National Geographic en Getaway
 • Webtuistes van toer operateurs wat in etiese reis spesialiseer ('n Suid-Afrikaanse voorbeeld is Calabash Tours: www.calabashtours.co.za) (4)
- 8.5 **Sosiale en kulturele voorbeelde**
 Respekteer die tradisies van die plaaslike gemeenskap ✓✓
 Moenie in sosiaal onaanvaarbare aktiwiteite betrokke raak nie, bv kriminele aktiwiteite, vandalisme ✓✓
 • Vra toestemming voordat foto's van die plaaslike gemeenskap geneem word
 • Moenie bedelaars ondersteun nie
 • Bly waaksaam en meld enige verdagte optredes aan
 • Moenie met uitstallings peuter nie
 • Volg gepaste praktyke aangaande die gee van footjies
 • Gebruik parkeerareas wat aangewys is
 • Ondersteun plaaslike liefdadigheidsorganisasies
Voorbeelde van hoe die plaaslike ekonomie bevoordeel kan word
 • Moedig ondersteuning van plaaslike besighede aan
 • Koop aandenkings van amptelike verkopers

Voorbeelde van omgewingsverantwoordelike gedrag

- Beperk watergebruik
 - Beperk energieverbruik
 - Volg omgewingsbeleid
 - Beskerm en bewaar die natuur
 - Bly op aangewese paadtjies
 - Moenie rommel strooi nie
 - Beperk jou koolstofvoetspoor
 - Ondersteun omgewingsinisiatiewe
- (4)

NOTA: *Antwoorde behoort in paragraaf formaat geskryf te word; kolpunte is gegee om nasien te vergemaklik.
Moet nie kandidate wat nie in paragraafformaat skryf penaliseer nie.*

8.6 8.6.1 KMB is die finansiële of nie-finansiële ondersteuning wat besighede aan die gemeenskappe gee waarin hulle werksaam is. ✓✓ (2)

8.6.2 **Maropeng kan hulle KMB beleid implementeer deur:**
Beurse beskikbaar te stel aan studente by opvoedkundige instansies ✓✓
Ondersteuning aan sportaktiwiteite en kulturele projekte te bied ✓✓
Besikbaarstelling en onderhoud van fasiliteite
Borg van skoolvoedingskemas
Besikbaarstelling van infrastruktuur of hulpbronne vir biblioteke, rekenaarlaboratoriums of handboeke (4)

NOTA: *Antwoorde behoort in paragraaf formaat geskryf te word; kolpunte is gegee om nasien te vergemaklik.
Moet nie kandidate wat nie in paragraafformaat skryf penaliseer nie.*

SEPT 2019 EC
VRAAG 8

- 8.1 **3 pilare van volhoubare toerisme:** mense (sosiaal), ✓ planeet (omgewing), ✓ wins (ekonomies) ✓ (3)

Mense: Lede van die plaaslike gemeenskap ervaar sosiale opheffing deur vaardigheidsontwikkeling en lewensvaardighede ✓✓

Planeet: Afvalvermindering word verseker deur herwinning van teesakkies ✓✓

Profyt: Werkskepping vind plaas; kunstenaars ontvang betaling vir elke voltooide teesakkie ✓✓ (6)

***LET WEL:** Kandidate moet in paragraafformaat skryf; kolpunte is gegee om nasien te vergemaklik.*

- 8.2 Original Teabag Designs sal die goedere wat hulle benodig om die voltooide produk te maak by die plaaslike gemeenskap koop. ✓✓ Dit sal verseker dat die plaaslike ekonomie ondersteun word en dat geld wat gegenereer word in die plaaslike gemeenskap bly. ✓✓ Die vermenigvuldigereffek tree in werking wat 'n verbeterde plaaslike ekonomie ten einde het. (4)

- 8.3 Original Teabag Designs kan vir volhoubare toerismesertifisering aansoek doen om bewustheid van hulle besigheid te skep. ✓✓
Original Teabag Designs kan gesamentlike sosio-ekonomiese en omgewingsprogramme aanmoedig en toeriste kan 'n bydrae daartoe maak. ✓✓
- Original Teabag Designs kan hulself op verantwoordelike toerisme bemarkingsplatforms bemark. (4)